**21 Desember**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:16**

## Satan se aanslae op ons is soos vurige pyle

As gelowige kinders van God is ons geestelike soldate in diens van Christus. Ons is daagliks gewikkel in 'n stryd teen Satan en sy bose magte. Die aanslag van Satan en sy magte op die kind van God word in Efesiërs 6:16 as "vurige pyle van die Bose" beskryf.

Die afskiet van vurige pyle moet teen die agtergrond van die destydse manier van oorlogvoering gesien word. Die soldate het hulle pyle met ontvlambare stowwe bestryk. Voordat so 'n pyl afgeskiet is, is dit aan die brand gesteek. As die brandpyl sy doel getref het, het dit dubbele skade aangerig. Nie alleen het dit 'n diep wond veroorsaak nie, maar ook 'n ernstige brandwond. Die soort pyl was dus dubbel gevaarlik.

Die apostel gebruik die beeld van die vurige pyle om die gevaar van Satan se aanslae teen ons as gelowiges te beskryf. Satan skiet elke oomblik sulke vurige pyle van hewige aanvegtinge, beskuldigings, vyandskap, twyfel, onmin, aanloklike begeerlikhede en dies meer op die kinders van God af. Dit is vurige pyle wat diep tref en verwoesting saai in menselewens, in huwelike, in gesinslewens, in gemeenskaplewens en onder volksgenote.

Satan se aanslae sal ook verwoestend en vernietigend inwerk op ons lewens as ons gaan toegee aan die versoekings, verleidings en verlokkinge, en as ons gaan ingee onder die vyandskap, aanvegtinge en twyfel. Sy aanslae op ons is waarlik vurige pyle wat ons sal verwond en dodelik tref as ons in ons stryd teen hom op eie krag staatmaak. Deur die geloof in Christus en die krag van die Heilige Gees moet ons dus God se wapenrusting aantrek vir hierdie stryd.

*Sing: Skrifberyming 53:1 Ds CJJ Putter (Ficksburg)*